



EKONOMIE

Tyd: 3 uur

300 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Die vraestel bestaan uit 12 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
 2. Lees die vrae noukeurig deur.
 3. Alle vrae is **VERPLIGTEND**. Beantwoord SES vrae as volg:

EEN verpligte vraag uit AFDELING A;
VIER verpligte vrae uit AFDELING B; en
EEN verpligte vraag uit AFDELING C.
 4. Beantwoord AFDELING A op die agterkant van die voorste bladsy van die Antwoordboek en AFDELING B en C in die Antwoordboek.
 5. Beantwoord die vrae, puntsgewys waar moontlik, maar in volledige sinne. 'n Sistematiese aanbieding van feite word verlang.
 6. Nommer jou antwoorde presies soos wat die vrae genommer is.
 7. Laat reëls oop tussen jou antwoorde. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
 8. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en om jou werk netjies aan te bied.
 9. Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.
 10. Beantwoord alle vrae met 'n blou of swart pen. Slegs sketse en diagramme mag in potlood gedoen word.
-

AFDELING A**VRAAG 1 MEERVOUDIGE KEUSEVRAE**


Kies die mees korrekte antwoord.

1.1 Watter kombinasie van faktore verduidelik die beste hoekom die groei in reële BBP per capita beperkings het om veranderinge in lewenstandaard te reflekteer?

- (i) Dit dui nie aan hoe inkomste verdeel word nie.
- (ii) Dit neem nie die bevolkingsgroeikoers in ag nie.
- (iii) Dit neem nie die inflasiekoers in ag nie.
- (iv) Dit reflekteer nie die gemiddelde ouderdom van die bevolking nie.

- A (i), (iii)
- B (i), (ii)
- C (ii), (iv)
- D Al die bogenoemde

1.2 Grafiek 1: Die Vermenigvuldiger



Die vermenigvuldiger in die grafiek is:

- A 3.25
- B 0.3
- C 2.8
- D 2

1.3 Tabel 1: Reële en nominale BBP syfers vir Land X

Jaar	Nominale BBP	Reële BBP	VPI
2010	1 539 253	1 115 875	137.9
2011	1 726 688	1 171 508	147.4

Die ekonomiese groeikoers vir Land X was in 2011

- A 4.5%
- B 12.2%
- C 3.3 %
- D 5%

1.4 Watter van die volgende stellings beskryf 'n vry-swewende wisselkoers-sisteem?

- A Indien die waarde van die wisselkoers versterk, noem ons dit 'n revaluasie van die geldeenheid en as die waarde van die wisselkoers verswak, noem ons dit 'n devaluasie van die geldeenheid.
- B Die waarde van die wisselkoers word slegs bepaal deur die vraag na en aanbod van buitelandse valuta op die valutamarkte.
- C Suid-Afrika is 'n land wat gebruik maak van 'n vry-swewende wisselkoers-sisteem.
- D Al die stellings is korrek.

1.5 Indien jy in Indië inkopies doen, het jy dié geldeenheid nodig.

- A Dinar
- B Rupee
- C Renminbi
- D Dollar

1.6 Watter EEN van die volgende stellings oor deflasie is korrek?

- A 'n Dalende inflasiekoers.
- B Wanneer daar deflasie is, maak besighede hoër winste.
- C Deflasie kan lei tot werkloosheidsprobleme.
- D Wanneer daar deflasie is, bevoordeel dit skuldenaars, omdat die waarde van hulle uitstaande skuld daal.

1.7 Die DAX is die aandelebeurs van dié land.

- A Viëtnam
- B Frankryk
- C Duitsland
- D Japan

1.8 Watter een van die volgende is NIE 'n makro-ekonomiese doelwit van Suid-Afrika nie?

- A Hoë lewenstandaard
- B Prysstabiliteit
- C Betalingsbalans ewewig
- D Lae werkloosheidskoers

- 1.9 'n Herverdeling van inkome, weg van die armste 10% van die gemeenskap, na die rykste 10% van die gemeenskap, sal die Lorenz kurwe laat skuif ...
- A nader aan die 45 grade lyn en die Gini-koëffisiënt laat toeneem.
 - B nader aan die 45 grade lyn en die Gini-koëffisiënt laat afneem.
 - C verder van die 45 grade lyn en die Gini-koëffisiënt laat toeneem.
 - D verder van die 45 grade lyn en die Gini-koëffisiënt laat afneem.
- 1.10 Indien 'n ekonomie in resessie is, sal dit die regering aanmoedig om ...
- A rentekoerse te verhoog, regeringsbesteding te laat toeneem en belasting te verminder.
 - B rentekoerse te verhoog, regeringsbesteding te verminder en belasting te verhoog.
 - C rentekoerse te verminder, regeringsbesteding te laat toeneem en belastings te verminder.
 - D rentekoerse te verminder, regeringsbesteding te verminder en belastings te verhoog.
- 1.11 Watter een van die volgende stellings oor uitvoerbevorderingsbeleide is WAAR?
- A Dit is 'n uitwaarts-gebaseerde groeistrategie wat gebaseer is op 'n oop ekonomie en toenemende internasionale handel.
 - B Die sukses van die lande bekend as die 'Asiatiese Tiere' word gewoonlik gebruik as bewys van die doeltreffendheid van so 'n benadering.
 - C Lande fokus op die produksie en uitvoer van produkte waarin hulle 'n komparatiewe voordeel het.
 - D Al die stellings is korrek.
- 1.12 Om BBP-syfers om te sit in BNP-syfers, moet die BBP-syfers aangepas word deur ...
- A primêre inkome ontvangstes by te tel en primêre inkome betalings af te trek.
 - B primêre inkome ontvangste af te trek en primêre inkome betalings by te tel.
 - C netto primêre inkome betalings aan die res van die wêreld by te tel.
 - D dit te vermenigvuldig met die BBP-deflator.
- 1.13 Watter ekonomiese konsep verwys na regerings wat beperkings en wette verwyder, sodat klein en medium ondernemings makliker toegang kan verkry tot geleenthede in nuwe markte?
- A Deregulasie
 - B Nasionalisasie
 - C Privatisering
 - D Demutualisering
- 1.14 Die pryselastisiteit van aanbod van olie is 1.5. Indien die prys van olie met 20% styg, sal die hoeveelheid olie aangebied toeneem met ...
- A 13%
 - B 30%
 - C 67%
 - D 150%

1.15 Die vraag na 'n produk is meer elasties indien ...

- A dit 'n luukse produk is.
- B die prys hoër is.
- C die persentasie van inkome spandeer hoër is.
- D dit nie enige werklike substituuat het nie.

1.16 Watter van die volgende stellings is korrek?

- (i) Goedere uitvoere, netto gouduitvoere en goedere invoere, word gebruik om die handelsbalans te bereken.
- (ii) Die verandering in netto goud en ander buitelandse reserwes is die balanserende item op die betalingbalansrekening.
- (iii) Die betalingsbalans is gebaseer op die beginsels van die dubbelinskrywings-rekeningkundige-stelsel.
- (iv) Die lopende rekening plus die finansiële rekening plus die onaangetekende transaksies is gelyk aan die verandering in netto goud en ander buitelandse reserwes.

- A (ii), (iii)
- B (i), (ii) en (iv)
- C (i), (ii) en (iii)
- D Al die stellings is korrek.

1.17 Watter pos beklee die onderstaande persoon in die nasionale regering van Suid-Afrika?



- A Minister van Handel en Nywerheid
- B Minister van Ekonomiese Ontwikkeling
- C Minister van Ekonomiese Sake
- D Minister van Publieke Ondernemings

51 punte

Maksimum: 50

AFDELING B**VRAAG 2 MAKRO-EKONOMIE**

2.1 Lees die volgende artikel deur en beantwoord die vrae wat volg:

Besteding is die ruggraat van 'n ekonomie. Dit is die dryfkrag agter die enjin van ekonomiese groei – hoe hoër die besteding, hoe hoër sal die ekonomiese groei wees. Verbruikers se doelwit is om hulle besteding te verhoog op dit wat hulle die graagste wil hê. Die doel van besighede is om waar moontlik hierdie besteding na hulle produkte en dienste te trek. Die doel van beleggers (spesifiek kapitale beleggers) is om besteding so te beïnvloed dat dit hulle toekomstige besteding maksimiseer. Die regering se rol is om totale besteding in die ekonomie te maksimiseer en om te verseker dat dit eweredig tussen alle mense en oor tyd versprei word.

... Besteding vermenigvuldig ook deur die ekonomie, wat beteken een persoon se besteding dra by tot iemand anders se besteding. Die proses van 'n volgende rondte van besteding kan egter nie onbepaald voortgaan nie. By elke fase sal spore, belasting en invoere die hoeveelheid geld verminder wat in die volgende rondte bestee word op Suid-Afrikaanse produkte, dus word geld verwyder uit die bestedingsiklus.

[Uittreksel uit artikel deur Pierre Heistein in die *Business Report*, 3 Februarie 2011]

2.1.1 Definieer die term 'ekonomiese groei'. (4)

2.1.2 Hoekom word besteding beskryf as die 'ruggraat van die ekonomie'? (4)

2.1.3 Verduidelik $T + S + M = G + I + X$ in die ekonomiese kringloopmodel. (14)

2.1.4 Gebruik '**n voorbeeld** om te verduidelik hoe besteding 'vermenigvuldig' deur die ekonomie. (8)

2.2 'Die surplus op die finansiële rekening van Suid-Afrika se betalingsbalans is dikwels groter as die tekort op die lopende rekening, wat die ekwilibrium in die betalingsbalans herstel.'

Bespreek die samestelling van die finansiële rekening en **maak voorstelle** hoe Suid-Afrika kan verseker dat daar meer geld die land inkom as wat daar uitgaan. (20)
[50]

VRAAG 3 MIKRO-EKONOMIE**3.1 Tabel 2: Koste en Opbrengs data vir 'n monopolie**

Hoeveelheid	Prys	Totale Opbrengs	Gemiddelde Opbrengs	Totale Koste	Marginale Koste	Gemiddelde Koste	Wins
0	16	0	16	10	–	–	–10
1	14	14	14	12	2	12	2
2	A	24	12	13	1	6.5	11
3	10	30	10	17	4	5.66	13
4	8	B	8	22	5	5.5	10
5	6	30	6	30	8	6	0
6	4	24	4	39	9	D	E
7	2	14	2	49	10	7	–35
8	0	0	0	64	C	8	–64

3.1.1 Bereken die waarde van A – E. (5)

3.1.2 Identifiseer die maksimum-opbrengspunt. (1)

3.1.3 By watter uitset maak die onderneming normale wins? (2)

3.2 **Gebruik 'n tabel** om die kenmerke van 'n monopolistiese mededinger te vergelyk met 'n monopolie. (10)

3.3 Die inkome elasticiteit van vraag vir Spa-behandelings (gesigsbehandeling, massering en pedikuur), DVD-verhuring en die Pick n Pay supermark klere-afdeling word geskat op +2.5, +0.8 en – 1.5 onderskeidelik.

Skryf 'n kort verslag waarin jy die verskillende inkome elasticiteite interpreteer. (12)

3.4 'Markmislukkings vind plaas as individue (verbruikers en produsente) eie belang nastreef wat veroorsaak dat die toewysing van hulpbronne nie so plaasvind dat almal in die ekonomie se welvaart en lewenstandaarde verbeter nie. Hierdie oortuiging dat markte 'misluk' en tot oneffektiwiteit in die ekonomie lei, word dikwels gebruik as regverdiging vir regeringsinmenging in die ekonomie.'

Bespreek DRIE redes hoekom markte misluk en verduidelik ook wat die regering by elkeen kan doen om dit te bestuur. (20)
[50]

VRAAG 4 EKONOMIESE STREWES

4.1 Definieer die term 'ekonomiese ontwikkeling'. (2)

4.2 Tabel 3: Ekonomiese en Sosiale Aanwysers

Land	BBP groei (%)	Skuld tot BBP (%)	MOI gradering	BBP per capita (\$)	Werkloosheid (%)
Suid-Afrika	2.9	33.5	0.658	10 700	25.2
Kanada	2.2	31.7	0.908	40 541	7.3
China	8.1	NVT	0.687	8 400	4.1
Duitsland	1.7	53.2	0.905	43 742	6.8
Egipte	5.2	85.7	0.659	6 200	12.4

[Bron: CIA World Factbook, 2011]


Gebruik die inligting in die tabel om die volgende vrae te beantwoord:

4.2.1 Identifiseer TWEE lande in die bogenoemde tabel wat beskou kan word as ontwikkelende lande. Geen EEN rede vir jou antwoord. (4)

4.2.2 Verduidelik Suid-Afrika se skuld tot BBP-syfer (%). (2)

4.2.3 Indien jy sou besluit om Suid-Afrika te verlaat, watter land in die tabel sou jy kies, indien jou belangrikste oorweging lewenstandaard in 'n land is? Verduidelik watter aanwysers jy sou gebruik om jou besluit te maak. (8)

4.3 Grafiek 2



[Bron: Google images]

4.3.1 Wat beeld die bogenoemde grafiek uit? (2)

4.3.2 Bespreek DRIE kenmerke van 'n ontwikkelende land. (12)


4.4 'Hulpbronne kan nie maklik sonder koste tussen industrieë rondgeskuif word nie. Wanneer 'n ekonomie oopgestel word vir internasionale handel, is werkloosheid en bankrotstappe onvermydelik.'

Bespreek VIER argumente ten gunste van die beskerming van 'n ekonomie. (20)

[50]

VRAAG 5 KONTemporêRE EKONOMIESE SAKE EN GEMENGDE VRAE

5.1

[Bron: *The Witness*, 4 September 2012]

5.1.1 'Wanneer inflasie in 'n land plaasvind, is daar altyd wenners en verloorders.'

Assesseer wie die 'verloorders' sal wees in Suid-Afrika as inflasie te hoog is en verskaf redes vir jou antwoord. (8)

5.1.2 **Evalueer** hoe die Suid-Afrikaanse regering monetêre en fiskale beleide kan gebruik om hoë **inflasie te bekamp**. (14)

5.1.3 Verduidelik die konsep van 'inflasieteikens' in Suid-Afrika. (4)

5.2 Teken 'n diagram van die sakesiklus en dui duidelik op die diagram aan waar jy dink Suid-Afrika se ekonomie tans is. Verskaf **TWEE** redes vir jou antwoord. (10)

5.3 Gebruik slegs 'n diagram om aan te dui wat met die Rand/Dollar wisselkoers op die Suid-Afrikaanse valutamark sal gebeur, indien die aanbod van VSA-dollars sou toeneem. Het die Rand geappresieer of gedeapresieer? (8)

5.4 Teken die tabel oor deur die ontbrekende inligting te verskaf.

ROI	Waar is dit?	Belangrikste industrieë
Wildekus ROI	A	B
Platinum ROI	C	D
Kus-tot-Kus Korridor	E	F

(6)
[50]

200 punte

AFDELING C**VRAAG 6 DATARESPONS**

Bestudeer die volgende inligting en beantwoord die vrae wat volg.

Artikel 1

Meer as 'n eeu en 'n half na die ontdekking van olie, speel olie steeds 'n noodsaaklike rol in die wêreld-ekonomie, ten spyte van vrese dat die afhanklikheid van olie besig is om klimaatsveranderinge te versnel. Oor die laaste dekade het die prys van olie wipplank gery, gewoonlik met 'n sikliese patroon wat gekoppel is aan die wêreld-ekonomie. 'n Sterk ekonomie verhoog die **vraag** na olie en dryf die prys opwaarts, terwyl 'n swak ekonomie gewoonlik die teenoorgestelde uitwerking het ... en die sterk styging in pryse in 2012 het vrese verhoog dat dit die brose herstel in die kwesbare wêreld-ekonomie kon kniehalter. Olieverbruik sedert 2005 het met meer as 5% geval, terwyl die gebruik van natuurlike gas met 10% gestyg het.

[Bron: <www.nytimes.com> 13 Junie 2013]

Artikel 2**Total HUB: OPUL kan val in olieprys verhoed**

Total SA se Voorsitter en Hoofuitvoerende-beampte Christophe de Margerie, verwag dat OPUL gaan optree om te verhoed dat oliepryse verder gly, wanneer die olieministers volgende week in Wenen bymekaar kom, wat 'n bewys is dat die olielande bekommerd is oor die daling in die olieprys. "OPUL het al die mag om te verhoed dat die ru-olieprys te ver daal," het mnr. de Margerie gesê ... Met Europa wat ernstige ekonomiese probleme in die gesig staar, wat die enkel-geldeenheid-blok kan aftrek, asook nuwe data uit die VSA wat twyfel saai oor hulle ekonomiese herstel, is dit hoogs onwaarskynlik dat OPUL produksie sal sny om die olieprys te ondersteun. Saoedi-Arabië, die wêreld se grootse olieprodusent en invloedrykste lid van OPUL, het alreeds hulle olieproduksie verhoog om voorsiening te maak vir die daling in Iran se produksie weens die handelsboikot teen dié land, wat op 1 Julie in werking tree. Die Saoedi's se besluit het 'n tydelike ooraanbod van olie veroorsaak, wat geleidelik behoort te verminder soos geopolitiese spanning vererger, sê hy, met verwysing na die sanksies teen Iran en die burgeroorlog in Sirië, wat veroorsaak het dat die Franse oliemaatskappy reeds vroeër vanjaar produksie daar moes staak.

[Bron: <www.hellenicshippingnews.com> 13 Junie 2012]

Grafiek 3: Wêreldolieprys 2007 – 2012



6.1 Definieer die volgende terme:

6.1.1 Ekwilibriumprys (2)

6.1.2 Wêreldekonomie ('Global economy') (2)

6.2 Gebruik **slegs 'n grafiek** om te verduidelik wat met die olieprys sal gebeur as daar 'n toename is in ekonomiese groei in die groot ekonomieë van die wêreld. (6)

6.3 'In Julie 2008 het die olieprys 'n rekordhoogte van \$145 per vat bereik.'

Assesseer die gevolg op die Suid-Afrikaanse ekonomie, indien die olieprys weer sulke hoë vlakke sou bereik. (10)

6.4 'OPUL het al die mag om te verhoed dat die ru-olieprys te ver daal.' (Artikel 2)

6.4.1 Waarvoor staan die afkorting OPUL (OPEC)? (2)

6.4.2 Buiten die lande genoem in die artikel, noem TWEE **ander** lande wat lede is van OPUL. (2)

6.4.3 Gebruik 'n grafiek en 'n verduideliking om te **voorspel** wat OPUL kan doen om die olieprys op te stoot, indien hulle meer wins per vat wil maak. (12)

- 6.5 'Die vraag na brandstof is relatief onelasties oor die korttermyn, maar relatief meer elasties oor die langtermyn.'

Bespreek hierdie stelling. (10)

- 6.6 'OPUL word beskou as 'n voorbeeld van 'n kartel.'

Defineer die term 'kartel'. (4)
[50]

50 punte

Totaal: 300 punte